*South African Journal of Education*
Copyright © 2003 EASA
Vol 23(4) 297 – 306

# Narratiewe terapie aan die seksueel mishandelde kliënt: gevalstudie ter illustrasie van die herskryf van die verhaal van 'n kliënt met 'n "ander seksuele versteuring"

**J.G. Maree*** en **D.C. Kruger**
Departement Kurrikulumstudies, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Pretoria, Pretoria, 0002 Suid-Afrika

**R. Delport**
Departement Maatskaplike Werk, Fakulteit Geesteswetenskappe, Universiteit van Pretoria, Pretoria, 0002 Suid-Afrika

* Aan wie korrespondensie gerig moet word

**Narrative therapy as a discourse for dealing with sexual abuse: rewriting the own story.** Sexual abuse changes the victim's life. All forms of sexual abuse leave a scar, regardless of race or gender. It does not impact in the same way on the lives of all people, but victims are able to report extensively on exactly how such an event has changed their lives; how the incident has caused problems in various facets of their lives. When the question is turned around and the victims are asked to explain how they have handled these problems, what influence they exercise over the problems, the storytelling often ends just there — revealing their inability to cope. When problems are articulated, the possibility arises that victims may be helped. The aim is to re-establish victims as persons with integrity and to enable them to resume control of their lives after the traumatic event. They are encouraged to write an alternative life story based on their newly found inner strength and on what they desire for their lives. The current research, in which a client who presented with "Sexual disorder not otherwise specified" was helped to create an alternative story, suggests that it is possible to substitute 'unwanted' parts of such a client's life story with a rewritten narrative with which he/she can identify.

## Inleiding

In die laat-negentiende eeu bevind Siegmund Freud dat baie van die volwasse pasiënte wat hy behandel, seksuele mishandeling rapporteer wat met hul simptome van psigologiese wanfunksionering verband hou (Sachsenmaier, 2001:1*).[1] Seksuele mishandeling is 'n term wat veral in die afgelope tien jaar dramaties in die Suid-Afrikaanse samelewing na vore getree het. Seksuele mishandeling beïnvloed die totale wese van diegene wat daaraan blootgestel was: die bewuswording van die self, intieme verhoudings, seksualiteit, ouerskap, die beroepslewe en selfs die geestesgesondheid van so 'n persoon (Bass & Davis, 1997: 33). Die effek van seksuele mishandeling is onderworpe aan die volgende veranderlikes: frekwensie, duur, verhouding met die oortreder, die reaksie van betekenisvolle ander persone in die slagoffer se lewe op die insident, en of die persoon nà die insident(e) in omgeeverhoudings betrokke was.

Die samelewing neig steeds om die effek van seksuele mishandeling te minimaliseer en om té geredelik te vra wat die slagoffer se aandeel aan die mishandeling was. Selfs in die regstelsel is daar tekens dat, indien die slagoffer die trauma van seksuele mishandeling redelik goed verwerk, die straf vir die oortreder aangepas kan word deur van die voorgeskrewe vonnis af te wyk en aan die oortreder 'n ligter vonnis op te lê. Daar bestaan ook 'n persepsie dat sekere vorme van seksuele mishandeling minder skadelik as ander vorme van mishandeling is. Hierdie tipe reaksie vererger nie net die trauma vir die slagoffer nie, maar verhoog ook die risiko dat hy/sy die gevaar loop om ernstige, blywende en aftakelende simptome te ontwikkel (Dolan, 1991:3).

Die seksuele mishandeling van kinders is vir geestesgesonde mense sinloos. Daarvan getuig die uitroepe tot optrede in die dagblaaie. Enige traumatiese gebeurtenis is sinloos. **Verwaarloosde trauma** kan aanleiding gee tot 'n chroniese, verlengde of uitgestelde posttraumatiese stresversteuring wat selfs eers in latere lewensjare na vore kan tree.

Die terme "narratief" en "storie" word afwisselend in die literatuur gebruik (Dean, Rappaport & Sarbin, in Rapmund & Moore, 2002: 23). Volgens White (in Rapmund & Moore, 2002:23) interpreteer mense hul ervarings en maak hulle van stories of narratiewe (wat deur middel van taal en in 'n sosiale konteks gekonstrueer word) gebruik ten einde sin te gee aan hul ervarings.

Gebeure wat tot probleme aanleiding gee, mag persoonlike, psigologiese, sosiokulturele of biologiese wortels hê — of dit mag selfs 'n samestelling van oorsake hê. Individue mag dalk nie beheer oor sekere probleme in hul lewe hê nie, maar **die manier waarop mense met probleme saamleef, is hul eie keuse** (Freeman, Epston & Lobovits, 1997:xv).

## Aktualiteit van die artikel

Die seksuele mishandeling van kinders het oor die afgelope tien jaar met 400% toegeneem, terwyl die gemiddelde ouderdom van die slagoffers al hoe jonger word (Lackay, 2002:4). In Suid-Afrika word minstens 'n halfmiljoen meisies tussen die ouderdom van 2 en 13 jaar oud jaarliks seksueel misbruik (Van der Westhuizen, 2002:4). Adolessente word binne die volgende vier tot tien jaar van hul lewe die volwassenes van die samelewing. Feitlik daagliks is daar berigte in die dagblaaie van babas, jong kinders en tieners wat seksueel mishandel word.

Indien daar nie ernstig op terapeutiese maar ook op voorkomingsvlak aan hierdie verskynsel aandag gegee word nie, kan dit binne tien jaar verreikende gevolge vir die samelewing inhou.

In 'n vorige artikel oor die onderwerp (Kruger & Maree, 2001) is 'n poging aangewend om die paradigmaskuif van modernistiese na postmodernistiese denke in die beradingspraktyk aan te toon. Terselfdertyd is op eksemplariese wyse aangetoon hoedat terapeute deur 'n proses van ko-konstruksie saam met 'n agtjarige kliëntjie wat met obsessief-kompulsiewe gedrag gepresenteer het, 'n 'nuwe' selfnarratief probeer konstrueer het. In die onderhawige artikel word gefokus op die herskryf van die verhaal van 'n jong volwassene wat gepresenteer het met 'n sielkundige toestand wat waarskynlik ten beste as 'n "ander seksuele versteuring" beskryf kan word (DSM-IV) (APA, 1997:538).

## Navorsingsvrae

In enige wetenskaplike artikel het die probleemstelling 'n fokus-, rigtinggewende en beplanningsbetekenis. Die navorsingsvrae wat in hierdie artikel ondersoek gaan word, is die volgende:

- Wat is die impak van seksuele mishandeling en wat is die implikasie daarvan in mense se lewens?
- Wat is die impak van seksuele mishandeling in die kliënt se lewe en is dit moontlik om 'n selfnarratief na só 'n insident te herskryf?
- Watter aspekte van narratiewe terapie word in die herskryf van die selfnarratief gebruik?

## Hipotesegenerering

Hierdie artikel is eerder ondersoekend as verklarend van aard en is gevolglik gerig op die generering van hipoteses, eerder as op die toetsing daarvan.

---

1 Hierdie bladsynommer is deur die navorsers toegewys aangesien sommige artikels wat vanaf die Internet onttrek is nie oor bladsynommers beskik nie. 'n Asterisk sal deurgaans in hierdie artikel gebruik word om aan te toon dat die bladsynommers self toegeken is.

## Navorsingsmetodologie

'n Kwalitatiewe benadering, by name diskoers-analise, word in die onderhawige artikel gevolg. Aansluiting word gevind by die sienings van 'n persoon soos Burman (1996:136), wat in hierdie verband onder meer daarop wys dat poststrukturele en postmoderne denkrigtings moderne sielkunde se verbintenis tot die sogenaamde 'verligtende' (*enlightenment*) waardes "waarheid" en "vooruitgang", asook die sienswyse dat kennis geleidelik ontvou en die mens op die pad van bevryding plaas, bevraagteken. Die aanname dat wetenskap en tegnologie 'vriendelik' (benign) is en die mens op 'n liniêre pad na verbetering plaas, word eweneens bevraagteken. Daar word wegbeweeg van 'n streng positivistiese ondersoekmetode na 'n naturalistiese, meer interpretiewe en kultureel sensitiewer benadering (Cohen, Manion & Morrison, 2001:19-24). Burman (1996:137) stel dit soos volg:

> If 'new paradigm' research was the response to the moral critique of experimentalism and behaviourism, then 'discourse analysis' is its theoretical corollary."

Burman (1996:141) se vermaning dat gewaak behoort te word teen die blote voortsetting van die "*fantasy of political neutrality and theoretical purity*", in stede daarvan dat die kultureel-politiese agenda en verbintenis van sielkundige praktyke onder oë gesien word, word eweneens in die onderhawige artikel in gedagte gehou.

## Literatuurstudie

'n Intensiewe literatuurstudie is oor narratiewe terapie as diskoers vir die hantering van seksuele mishandeling: herskrywing van die eie verhaal uitgevoer. Die resultate hiervan word verderaan bondig weergegee.

## Gevalstudienavorsing

In die onderhawige artikel word twee ontwerpe gekombineer, te wete 'n eksploratiewe en 'n beskrywende ontwerp. Beide word vervolgens bespreek.

- Eksploratiewe ontwerp: Volgens Mouton en Marais (1990:43) is die doelwit van 'n eksploratiewe ontwerp die ontginning van 'n relatiewe onbekende navorsingsarea. Tydens eksplorasie sal die bestaande literatuur oor die onderwerp bestudeer en beskryf word. De Wet, Monteith, Venter en Steyn (1981:12) wys daarop dat 'n navorser op grond van 'n analise van bestaande literatuur tot nuwe insigte kan kom en 'n nuwe teorie of model ontwerp wat 'n beter verklaring vir bestaande gegewens bied.
- Beskrywende ontwerp: In beskrywende navorsing val die klem in die ondersoek op die noukeurige beskrywing van die situasie of 'n weergawe van dit wat gedragsmatig gebeur. 'n Beskrywende oriëntasie is die eerste stap in die ontwikkeling van 'n program, aangesien dit die rigting vir verdere optrede en implementering aandui. Dit is egter nie genoeg nie, want die navorser wil ook die waarom en die hoe uitvind wat in relasie tot die situasie of gebeure staan, onder meer in 'n poging om die gebeure beter te verstaan en die voorkoming van soortgelyke gebeure te fasiliteer (Rosnow & Rosenthal, 1996:15).

'n Voorbeeld van eksploratiewe ontwerp is **gevalstudienavorsing** wat gewoonlik beskrywend van aard is en inligting oor individue of spesifieke situasies verskaf (Fouché & De Vos in De Vos, 1998:124; Terre Blanche & Durrheim, 1999:255). Gevalstudie is nie soseer 'n metodologiese keuse nie, maar eerder die keuse van 'n **objek wat bestudeer word**. Gevalstudienavorsing is van waarde wanneer teorieë verfyn moet word, maar ook om voorstelle van kompleksiteite vir verdere ondersoek te genereer. Dit lewer ook 'n bydrae om die grense vir veralgemenings daar te stel (Stake in Denzin & Lincoln, 1998:86; 104).

## Steekproeftrekking

Vir die doel van die oorspronklike navorsing is van nie-waarskynlikheidsteekproefneming gebruik gemaak. Vyf kliënte uit die wit, bruin en swart kultuurgroepe van Suid-Afrika is gekies ten einde aan die eis van 'n kruiskulturele studie te voldoen. Seksueel mishandelde kliënte wat by 'n privaat praktyk aanmeld, asook slagoffers van seksuele mishandeling wat ten tye van gemeenskapsdiens gespreek is, is versoek om aan die navorsingsprojek deel te neem (Kruger, 2002). Vir die doel van die artikel — waarin primêr gefokus word op die bespreking van 'n gevalstudie waartydens narratiewe terapie toegepas is en die verhaal van 'n jong volwassene met 'n "ander seksuele versteuring" herskryf is — is een gevalstudie op ewekansige wyse uit die aanvanklike navorsing gekies.

## Dataversamelingsmodi

Die navorsers het van triangulering gebruik gemaak ten einde te verseker dat die kwaliteit van die data bo verdenking is. Dataversamelingsmodi sluit waarneming van die kliënt, bandopnames (van gesprekke met die kliënt), asook proses- en veldnotas (die inhoud van gesprekke met kliënt, sy opmerkings en sy kommentaar is neergeskryf) in. Die kliënt wou nie toestemming verleen dat oudiovisuele opnames van die terapie gemaak word nie, maar het self die storie gedikteer. Die navorsers het, waar nodig, tydens die ko-konstruksieproses terapeutiese insette gelewer, en nà afsluiting van terapie saam met die kliënt sy alternatiewe storie (of biografie) op grond van die veldnotas en klankopnames geboekstaaf. Aan die einde van die ko-outeuringsproses is die alternatiewe storie (biografie) aan die kliënt oorhandig vir sy persoonlike evaluering van die terapie, asook as versterking van sy 'eie nuwe storie'.

Data-analise is aan die hand van Tesch (Creswell, 1994:163) se agt stappe uitgevoer

Die kliënt is op verskillende maniere fisies by die uitbeelding van die 'probleem' betrek en is versoek om

- 'n collage te maak wat die probleem se invloed op sy lewe uitbeeld;
- die probleem te teken;
- die probleem in digvorm weer te gee; of
- 'n fisiese uitbeelding te maak wat die probleem verduidelik.

Die geëksternaliseerde probleem is daarna met die toestemming van die kliënt in 'n lêer getiteld *Modus vivendi* geplaas om die gedagte dat 'die probleem die probleem is' te versterk (*modus vivendi* beteken in letterlike terme die skikking tussen twee botsende partye). Hierdie spesifieke probleem het die identiteit 'seksuele mishandeling' en 'seksuele mishandeling' is betrokke by sekere aksies — dit hou sekere idees voor oor die lewe en hoe die lewe geleef behoort te word. Die kliënt is gevra om die storie van sy lewe voor en nà terapie te boekstaaf sodat dit tot beskikking van ander kliënte en terapeute mag wees. Hierdie metodiek het die volgende ten doel:

- Om aan die kliënt 'n stem te gee waardeur gepraat kan word — seksuele mishandeling ontneem dikwels die slagoffer 'n stem om mee te praat. Verbreking van die stilte kan 'n helende effek hê.
- Dit wat in boeke gelees word, is geskiedenis. Dit het reeds gebeur. Die stories van kliënte se lewens het alreeds plaasgevind. Niks kan daaraan verander word nie. Al wat wel verander kan word, is die keuse wat die kliënt moet uitoefen oor die verhouding waarin hy/sy vorentoe met die 'probleem' gaan saamleef.
- Na seksuele mishandeling wonder kliënte dikwels: 'Het dit régtig met my gebeur? Was dit nie dalk net 'n nagmerrie of 'n verbeeldingsvlug nie?' Deur die storie neer te skryf sodat die kliënt kan lees: 'dit het met my gebeur', word die ervarings geldig gemaak.
- Outobiografieë word geskryf deur mense wat 'n storie het om oor hul eie lewe te vertel. Leersame ervarings en gedeelde insigte maak 'n groot deel van 'n outobiografie uit. Volgens Newman en Baumeister (in Ziller, 2000:265-266) konstrueer mense in outobiografieë stories wat hul eie optrede as goed en reg reflekteer en wat hulself as aantreklik en bekwaam uitbeeld. Kliënte word dus die geleentheid gebied om vanuit hul eie storie en deur hul eie ervaring aan ander slagoffers 'n leer- en groeigeleentheid te bied.
- Bevestiging, nie net van hul eie worsteling met die 'probleem' nie, maar ook van die sukses van hul verhaal, word weergegee.

### Geldigheid

Vir die doeleindes van hierdie artikel beteken kriteria vir interne geldigheid die volgende:

- Die gevalstudie fokus op die navorsingsprobleem soos gestel, naamlik 'n ondersoek na 'n moontlike wyse waarop narratiewe terapie op die seksueel mishandelde kliënt toegepas word (in die onderhawige geval: 'n kliënt met 'n "ander seksuele versteuring").
- Daar word aangetoon hoedat so 'n kliënt met behulp van narratiewe terapie begelei kan word tot die herskryf van sy of haar eie verhaal.
- Alle data in die onderhawige gevalstudie word werklikheidsgetrou weergegee.
- Die bespreking (analise en sintese) van die data is getrou aan die vergestalting daarvan binne die terapeutiese proses.
- Alle gevolgtrekkings word begrond deur die bespreekte data soos wat dit in die terapeutiese proses na vore getree het.

Geldigheid in hierdie artikel word verder verseker deurdat die navorsers tydens die ontleding van die data van 'n onafhanklike kodeerder gebruik gemaak het. Die inhoud van die terapiesessies is ook aan kliënte teruggehandig sodat hulle dit kon verifieer en dus aktief by die herskryf van hul eie stories betrokke was.

Ten einde eksterne geldigheid te verseker, is die volgende stappe gevolg:

- 'n Gedetailleerde beskrywing van die fokus van die artikel is weergegee;
- die rol van die navorsers is gestipuleer;
- die basis vir seleksie van die deelnemer is verklaar; en
- die konteks waarbinne die data ingesamel gaan word, is afgebaken.

### Beperkings van die studie

Enkele moontlike leemtes wat na afloop van die studie geïdentifiseer kon word, is die volgende:

- Aangesien die gevalstudienavorsingsmetode tydens die onderhawige studie gebruik is, kan die afleidings wat gemaak word, nie veralgemeen word nie. Die ideaal sou wees om die resultate wat verkry is te kontroleer deur middel van 'n nomotetiese ondersoek waarby meer kliënte betrek is.
- Hoewel die herskrywing van die kliënt se storie ongeveer twee tot drie maande na afsluiting van die terapie plaasgevind het, kon die volhoubaarheid van hierdie nuwe storie nie bepaal word nie.
- 'n Leemte in die literatuurstudie is dat daar nie 'n diepte-oorsig gevind kon word wat die integrasie van verskillende leerteorieë aandui nie. Die navorsers moes dus op hul eie insig staatmaak rakende die gebruik en integrering van die verskillende tegnieke.

### Etiese aspekte

Toestemming om die navorsing uit te voer, om die navorsingsresultate te publiseer en om bogenoemde gevalstudie as deel van hierdie navorsingstuk te inkorporeer, is mondelings en skriftelik van die betrokke kliënt verkry. Vir die doeleindes van vertroulikheid is alle herkenbare data sorgvuldig verbloem of weggelaat. Skakeling het met die kliënt geskied alvorens die navorsing geïmplementeer is.

'n Belangrike oogmerk van die navorsing was dat hierdie gevalstudie hoop sou bied aan slagoffers om die tragiese gebeure in hul lewe met behulp van 'n terapeut te verwerk en sodoende hul lewe in 'n nuwe storie te omskryf.

### Oorsigtelike verduideliking van enkele begrippe

Die onderwerp wat nagevors word, word belig deur enkele begrippe eers te verhelder.

### Narratiewe terapie

Voorstanders van narratiewe terapie huldig die standpunt dat mense self die eksperte ten aansien van hul eie lewens is. Antwoorde op vraagstukke is binne hulself geleë. Persone wat seksueel mishandel is, het **probleemdeurdrenkte** (*problem-* of *complaint-saturated*) **stories** oor hulself (Becvar & Becvar, 1996:284; McLean, 1997:17; White & Epston, 1990:17). Narratiewe terapie gebruik 'n linguistiese praktyk, naamlik **eksternalisering**, wat die probleem van die persoon skei. Narratiewe terapie bied aan die terapeut en kliënt die geleentheid om deur 'n **kollaboratiewe** proses van ko-konstruksie 'n nuwe selfnarratief te skep (Anderson & Goolishian, 1988:372; 381).

Narratiewe terapie verwys na 'n stel terapeutiese praktyke wat deur nie-strukturele denke ondersteun word. White en Epston (1990: 1-3), asook Grace (1998:1*) het mildelik tot die ontwikkeling van hierdie praktyke bygedra. Die vertrekpunt van die narratiewe benadering tot terapie is dat mense se lewens en verhoudings gevorm word deur die storie wat hul lewe vertel. Vanuit hierdie storie tree hulle in verhouding met die wêreld om só betekenis aan hul eie leefwêreld te gee. Mense konstrueer sekere gewoontes en verhoudings wat aan hul geïnternaliseerde storie gestalte gee.

Narratiewe terapeute werk vanuit 'n paradigma waarin kliënte begelei word om die betekenis van die realiteit van hul lewe en verhoudings te **dekonstrueer**. Sodoende word kliënte in staat gestel om die verskil tussen die werklikheid en die geïnternaliseerde storie van die self te begryp.

Narratiewe terapie stel persone in staat om self hul eie probleme op te los deurdat hulle gehelp word om hul lewe en verhoudings te skei van die kennis en stories wat volgens hul eie oordeel verarmend op hul lewe inwerk. Dit ondersteun ook persone om dit wat onderliggend aan die probleem is, uit te daag, en moedig kliënte aan om hul lewe te herskryf in terme van 'n alternatiewe of meer aanvaarbare storie of identiteit en in ooreenstemming met 'n storie waaraan voorkeur gegee word (Freeman *et al.*, 1997:50).

Vir die doeleindes van hierdie artikel sal daar veral gefokus word op die vermoë van 'n kliënt wat seksueel mishandel is om self aktief aan die herskrywing van sy eie alternatiewe storie deel te neem. Die stories van *survivors*[2] van seksuele mishandeling sal aan slagoffers voorgehou word en sal in geskrewe vorm as ko-terapeute aangewend word.

### Seksuele mishandeling

Seksuele mishandeling as verskynsel word in verband gebring met onbehoorlike en ontoelaatbare seksuele aktiwiteite met 'n ander persoon wanneer daar 'n ouderdomsverskil van ten minste vyf jaar tussen die slagoffer en die oortreder is. Die slagoffer moet onder die ouderdom van vyftien jaar wees wanneer die daad gepleeg word, of die daad moet téén die wil van die persoon gepleeg word.

Seksuele mishandeling word soos volg deur Schechter en Roberge (in Pearce & Pezzot-Pearce, 1997: 4) omskryf:

> The involvement of dependent, developmentally immature children and adolescents in sexual activities that they do not fully comprehend, are unable to give consent to, and that violate the social taboos of family roles.

Seksuele mishandeling is die sambreelterm wat gebruik word vir verskeie tipes gedwonge of ontoepaslike seksuele aktiwiteite. Vir die doeleindes van hierdie navorsingsartikel sluit dit dan by name die volgende in (soos saamgevat uit die werke van Kaplan, Feinstein, Fisher, Klein, Olmedo, Rome en Yancy (2001:1-2*), Kubetin en Mallory (2002:29), en Lewis (1994:5-6)):

- **Onsedelike aanranding** sluit situasies in waar seksuele kontak met of sonder penetrasie plaasvind met fisiese geweld of psigologiese dwang. Odendal, Schoonees, Swanepoel, Du Toit en Booysen (1994:93) verwys ook hierna as bloedskande of inses, wat beteken dat daar geslagsgemeenskap tussen bloedverwante, wat volgens wet nie mag trou nie, plaasgevind het. Onsedelike aanranding is die term wat in hierdie artikel gebruik word wanneer daar verwys word na
  - die aanraking van 'n individu se privaatdele of die intensionele aanraking van die individu se klere wat daardie dele

2 Die term *survivor(s)* sal deurgaans in die artikel gebruik word aangesien enige vorm van die vertaling van dié woord na Afrikaans trefkrag verlore laat gaan.

bedek;
  - uitermatige kielie gepaardgaande met fisieke dwang;
  - gemeenskap, orale seks of sodomie met 'n kind of volwassene sonder die individu se toestemming;
  - dwang of manipulasie deur die oortreder dat 'n kind masturbasie of enige ander seksuele aktiwiteit moet waarneem; en
  - dwang op die individu om aan godsdienstige aktiwiteite deel te neem wat seks insluit.
- **Molestering** is die term wat gebruik word in gevalle waar daar **nie penetrasie** plaasgevind het nie, maar wanneer die aktiwiteite wat hieronder genoem word, nogtans tussen 'n kind of 'n adolessent en 'n volwassene plaasgevind het. Aktiwiteite sluit die volgende in:
  - betasting of liefkosing;
  - 'n kind oopmond soen;
  - blootstelling van 'n kind aan seksuele materiaal;
  - blootstelling van genitalieë aan 'n persoon wat nie in staat is om toestemming te gee nie;
  - blootstelling aan seksuele grappe — tergery of grafiese seksuele beskrywings aan 'n kind of volwassene, bv. 'n gestremde, wat nie toestemming kan gee nie;
  - blootstelling van 'n kind aan herhaaldelike aanmerkings oor sy/haar ontwikkelende liggaam;
  - weiering om 'n kind privaatheid te gee tydens badtyd of aan- en uittrektyd;
  - gebruik van skelname van 'n seksuele aard, bv. om die kind 'n 'slet' of 'n 'hoer' te noem;
  - dophou van 'n kaal persoon sonder toestemming;
  - die maak van video-opnames van mense wat seks het, sonder hul toestemming; en
  - betasting en troeteling van genitalieë of borste, of orale kontak met genitalieë.
- **Verkragting** word vanuit 'n regs- en kliniese perspektief geag as **geforseerde seksuele geslagsgemeenskap wat plaasgevind het as gevolg van fisiese geweld of psigologiese dwang**. Verkragting impliseer vaginale, anale of mondelinge penetrasie deur die oortreder. Hierdie term sluit ook insidente in waar vreemde voorwerpe vir penetrasie gebruik is of gevalle waar die slagoffer as gevolg van 'n ontwikkelingsgestremdheid of bedwelming nie toestemming kon gee nie.
  - Wanneer die slagoffer en oortreder mekaar ken en verkragting plaasvind, word die volgende terme gebruik:
    - *acquaintance rape*, en
    - **afspraak- of geleentheidsverkragting** (*date rape*) — die slagoffer word deur die oortreder vir 'n sosiale geleentheid uitgeneem en dan verkrag.
  - **Bendeverkragting** is wanneer meer as een man 'n vrou verkrag.
  - **Poging tot verkragting** is wanneer die persoon verhoed word om die daad te voltrek as gevolg daarvan dat hy deur ie-mand verhinder word of wanneer die persoon haarself of homself só teensit dat die daad nie uitgevoer kan word nie.
  - **Statutêre verkragting** behels seksuele penetrasie deur 'n **persoon wat 18 jaar en ouer is van 'n minderjarige persoon**. Statutêre verkragtingswetgewing word gebaseer op sterkte daarvan dat 'n minderjarige nie wetlik toestemming tot seksuele gemeenskap kan gee nie. Hierdie ouderdomsperk wissel van land tot land.

## Taal

Diskoers-analise steun sterk op die aanname dat taal verskillende weergawes van die wêreld konstrueer (Wilson & McLuckle, 2002:30) en is gemoeid met teks-analise, in 'n poging om diskoerse, asook linguistiese en retoriese meganismes wat aan 't werk is, te ontrafel (Burr, in Wilson & McLuckle, 2002:30). Taal vorm dus die fokuspunt van hierdie metodologiese benadering en navorsers is spesifiek geïnteresseerd in die strukturerende effek van taal, met die aksent op die produksie en die beperking van betekenis (Burman & Parker, in Wilson & McLuckle, 2002:30).

Taal word gesien as die **vervoermiddel wat betekenis en konstruksie** bewerkstellig. Taal konstitueer die mens se wêreld en mening (Anderson & Goolishian, 1998:378). Volgens Anderson en Goolishian (1988:378) weerspieël taal nie die natuur nie, maar dit ontwerp die natuur soos geken deur die mens . Die narratiewe benadering leun veral op die volgende uitgangspunte rakende taal (Anderson & Goolishian in McNamee & Gergen, 1992:27-28):

- Menslike sisteme genereer gelyktydig taal en betekenis. Kommunikasie en diskoers bepaal die sosiale organisasie. 'n Sosiokulturele sisteem is eerder die produk van sosiale kommunikasie as wat kommunikasie die produk van sosiale organisasie is. **Die terapeutiese sisteem is dus 'n linguistiese sisteem** taal (Anderson & Goolishian in McNamee & Gergen, 1992:27-28).
- Betekenis en verstaan is sosiaal gekonstrueer. Betekenis en verstaan word slegs bereik deur die neem van kommunikatiewe aksie en wanneer 'n betekenis-genererende diskoers of dialoog gevoer word binne die sisteem waarbinne kommunikasie relevant is. **'n Terapeutiese sisteem is 'n sisteem waar kommunikasie relevant-spesifiek in die dialoog-uitruilingsproses is**.

Terapie deur middel van taal geskied deur die proses van literêre dekonstruksie. Laasgenoemde is afhanklik van inkonsekwenthede en kontradiksies wat na vore tree en wat alternatiewe of versteekte moontlikhede uitwys. Betekenis word deur taal geskep, maar ook nie deur taal alleen nie. Die wyse waarop taal in 'n diskoers of gespreks-wyse aangewend word, maak dit deel van die realiteit.Vervolgens word dié aspek bespreek.

## Diskoers

Diskoerse is in die eerste plek "*language realized in speech or writing*" (MacDonell & Thompson, in Duncan, 1996:173). 'n Diskoers is volgens Hare-Mustin (1988:19) 'n sisteem van stellings, praktyke en institusionele strukture wat sekere waardes deel. Dit sluit linguistiese sowel as non-linguistiese aspekte in, byvoorbeeld waar dit optree as die medium waardeur spraak bekend raak (linguistiese aspek) en as kommunikasiemedium vir kulturele praktyke (non-linguistiese aspek).

Diskoers is 'n sosiale proses vir gesprek wat tussen mense plaasvind. Kragtige diskoerse in die samelewing kan 'n vormingseffek op individue se persoonlike diskoers of self-narratief laat. Foucault (1980) wys daarop dat die modernistiese eis van waarheid 'n diskoers konstitueer wat mense ontmens. Hy wys daarop dat die psigoanalise en ander tradisionele terapie-benaderings wat kragtige diskoerse is, gebruik word om 'n spesifieke konstruk van die **self** te konstrueer. Sodanige benaderings diagnoseer, bied interpretasies aan, skryf behandeling voor, verander irrasionele denke, reflekteer gevoelens en identifiseer oplossings. Die narratiewe terapeut, daarteenoor, raak betrokke in die terapeutiese gesprek as 'n versigtige leerder wat deur die medium van taal na kliënte se stories luister (Semmler & Williams, 2000:51-53). Rapmund en Moore (2002:23) verwys soos volg hierna:

> The sharing of stories seems particularly helpful in creating new and 'healing' stories.

Taal is 'n kragtige instrument wat gebruik word in die vorming van samelewings se houdings wanneer voorkeurdiskoerse bepaal word. Diegene wat magsposisies beklee, beheer kennis, en diegene wat oor kennis beskik, word in magsposisies geplaas waar mag en kennis verder versterk word. Mag en kennis kan nie van mekaar geskei word nie (White & Epston, 1990:28-30). Vanuit kliënte se perspektief lê mag en kennis gewoonlik buite hul lokus van kontrole. Deur die proses van dekonstruksie word hierdie wanpersepsie reggestel.

Enige narratief vind binne 'n bepaalde struktuur plaas. Vervolgens sal die narratiewe struktuur bespreek word, wat lig werp op die begrip vir mense se stories.

## Die narratiewe struktuur (White, 1998:2)

Soal en Kottler (1996:124) wys daarop dat die narratiewe benadering veel meer behels as net maar nog 'n vorm van (gesins-)terapie. Hierdie

benadering bevraagteken algemeen-aanvaarde aannames rakende gesinne en gesinsterapie. Die woord "terapie" word dikwels vervang deur die woord "gesprek" en die woord "groep" die uitdrukking "(inter-)reagerende persone" (Philips, in Soal & Kottler, 1996:124). Daar is 'n toenemende bewuswording van die gesin as 'n sosiale konstruksie (Blumberg, in Soal & Kottler, 1996:124). Soal en Kottler (1996:124) voeg die volgende hierby:

> Also, a narrative approach attempts to address the criticisms levelled at the institution of therapy by post-structuralist work which depicts therapy as a confessional which serves to re-constitute the damaged and deficient subjugated self (Foucalt, 1981), and, as such, as a vehicle for the pervasion of knowledge/ power (White & Epston, 1989)."

Die ontdekking van die subjektiewe ervaring dra by tot sogenaamde **'dik' beskrywings** (Geertz, in Cohen, Manion & Morrison, 2001:22). **Dik beskrywings** en **'dun' gevolgtrekkings** word gekontrasteer en dan met mekaar gelykgestel. Wanneer dik beskrywings en dun gevolgtrekkings gemaak word, is die terapeut en kliënt besig met terapie (Freeman *et al*., 1997:94-95; White, 1998:3).

### Dekonstruksie van die narratief

Mense leef hul lewe volgens die verhaal van die landskap van aksie en die landskap van bewustheid. Vrae wat oor die landskap van aksie en landskap van bewustheid gevra word, skep geleentheid tot herouteuring van die probleemdeurdrenkte storie (Freedman & Combs, 1996:96).

Die narratiewe metafoor word deur White gebruik om gebeure of elemente van 'n storie wat oor tyd heen ontwikkel het en wat tot unieke uitkomste kan lei, te visualiseer. Binne die terapeutiese konteks is daar verskeie voordele verbonde aan die gebruik van die narratiewe metafoor. **Die narratiewe metafoor vervang die probleemdeurdrenkte storie wat as basis dien vir die geleefde ervaring, en impliseer dat daar reeds 'n alternatiewe storie teenwoordig is**. Die rol van die terapeut is om konteks te skep waarbinne herouteuring kan plaasvind (McLean, 1997:18; White, 1991:123-124).

### 'n Narratiewe terapeutiese gesprekstruktuur

'n Narratiewe terapeutiese gesprek verwys na 'n gesamentlike strewe tussen terapeut en kliënt om deur dialoog te poog om die probleem te verstaan en te ontgin. Die gesprek vind plaas binne die **kollaboratiewe taalsisteembenadering**. (Anderson & Goolishian, 1988:4).

### Rol van die terapeut

Die **terapeut se rol** tydens die terapeutiese gesprek vanuit die kollaboratiewe taalsisteembenadering kan soos volg beskryf word:

- Die kundigheid en verantwoordelikheid van die terapeut is daarin geleë om 'n **ruimte te skep** in die terapeutiese proses waarbinne die terapeutiese gesprek kan plaasvind en om die proses te **fasiliteer**.
- Die terapeut neem 'n **nie-intervensionistiese** posisie in.
- Dit is 'n posisie waarbinne die terapeut ook die risiko moet loop om te **verander** (Anderson & Goolishian, 1988: 4).

### Kliënt se rol

Kliënte is die kenners van hul eie lewe, en oplossings vir probleme is in hulself opgesluit. Gergen (1985:271) konstateer dat, vanuit 'n sosiaal-konstruktivistiese beweging, denke 'n vorm van sosiale mite is. Die selfkonsep word van die denke verwyder en binne die sfeer van die sosiale diskoers geplaas. Mense skep — en herskep — hulself deur die voortdurende realiteite van hul bestaan. Deur strategiese manipulasie speel kliënte dikwels 'n rol waarin hulle die meeste gewin vir hulself genereer — al is die wins ook negatief. Kliënte speel dus 'n aktiewe rol in die terapeutiese proses waartydens inligting na vore gebring word vir ontdekking, beskrywing en herskrywing.

### Die dekonstruksie van die narratief by seksueel mishandelde kliënte

'n Persoon wat seksueel mishandel is, staan in die omgangstaal as die **slagoffer** van seksuele mishandeling bekend. Hierdie term is beperkend en etiketterend. Odendal *et al*. (1994:951) definieer die term "slagoffer" soos volg: "'n Persoon wat as gevolg van 'n ander se belange, hartstogte, ensovoorts, moet ly of deur iets getref word, wat dit moet ontgeld." Die woorde 'ander se belange', 'ly' en 'ontgeld' dui die aard van 'getref word' aan en dat die persoon geen keuse daarin het of gehad het nie. **Lyding is altyd in 'n slagoffer se lewe ter sprake**.

### Gevalstudie: Die storie van Heinrich[3] (23-jarige wit manlike student)

Die terapeutiese proses het twee stelle sessies beslaan. Die ko-konstruksie self is in 'n stel van twee sessies — op 20 en 22 Julie 2002 onderskeidelik — gedoen. Die probleem van seksuele mishandeling is in 'n volgende stel van twaalf sessies van een uur elk hanteer. Alle aantekeninge is aan die kliënt teruggehandig ten einde hom in staat te stel om sy verhaal te konstrueer.

#### Die probleemdeurdrenkte storie

Die storie begin ... nee ... My storie begin toe in 1979 op 'n koue wintersoggend iewers aan die Oosrand — 'n dag waarop twee liewe mense se 10-jaarlange stryd om 'n kindjie uiteindelik vervul was. En na 'n paar dae kon hulle die ou bondeltjie vreugde huis toe neem om sy lewe met sy nuwe familie te begin ...

Mammie hou rekord van elke ditjie en datjie van die nuweling en elke gebeurtenissie word opgeskryf ...

> Okt. 26: Heinrich sny vandag sy eerste tand ...
> Nov. 27: Heinrich sit vandag alleen ...
> Des. 28: Hy het vandag Mamma gesê...
> Jan. 18: Hy sê vandag Pappa ...

Selfs toe ek loop, kruip, hardloop, my eerste sinnetjie sê ... Ma het dit gedokumenteer soos 'n wafferse joernalis!

En soos ek ouer word, het ek en Ma ons dae omgespeel. Niks was ooit te veel moeite nie. As ons Lego speel en ons kort dakteëls, dan ry Ma al die pad winkels toe en ons koop nie net dit nie, maar mannetjies, boompies, venstertjies en wat nog ... Soos almal kan sien, was daar geen tekort aan aandag en liefde nie. Maar dit was ook juis deel van die probleem.

Ma en Pa besluit toe in 1983 om nog 'n getalletjie by die gesin te voeg en so is Hankie[4] toe gebore.

Hoewel Ma nog steeds dae saam met my omgespeel het, was die teenwoordigheid van hierdie permanente kuiergas nie heeltemal so welkom vir my nie. Hy was oulik én my boetie, maar tog het hy my bietjie uit mý *spotlight* gehaal ...

Hy het te skielik opgedaag ... Ek besef nou dat latere dinge wat gebeur het 'n gevolg was van hierdie onbewustelike gevoel van verwerping.

Ek het net na sy geboorte 'n keer van sy doeke aangetrek. Ek sou nog later jare volhou met dié gedrag en ook 'n stokou *dummy* uit Ma se kas steel om dit te suig. Ek het byvoorbeeld die winter van '85, na Ma die antrasietstofie uitgeroer het, vir Hankie op sy hand geslaan met daai vuurwarm vuuryster. Ek het hom tydens ons skooljare geweldig sleg behandel en dit het my met baie skuldgevoelens gelaat.

My probleem, dink ek, het eintlik begin tydens my standerd 7-jaar toe ek 'n seksuele ervaring met 'n man by 'n (veilige) vakansieoord gehad het. Vir myself dink ek is dit belangrik om hierop in te gaan. Ek het omtrent drieuur die oggend besluit ek wil gaan swem — vir Ma gesê dat dit vyfuur was en deur die slaap het sy ingestem. By die swembad gekom, was daar 'n groepie dronk jong mense en 'n ouerige man wat daar rondgeswem het. Ek het 'n paar lengtes 'gespeel' en besef dat die ouer man my volg. Dit was nie vir my 'n krisis nie, want ek het nog nooit rede gehad om mense te wantrou nie. Ek is van nature nie skaam nie en praat maklik met enigiemand. Toe die man my dus nader, het ek aangeneem dat hy net vriendelik is en ook maar net swem. Hy het met my begin gesels en my daardeur op my gemak

3 Pseudoniem gekies deur kliënt

4 Pseudoniem gekies deur kliënt

gehou. Dis toe dat hy my met sy drankasem vertel dat hy eintlik sonder sy swembroek swem. Deur die water kon ek goed genoeg uitmaak dat dit wel die geval was en hy het voorgestel dat ek dieselfde doen. Ek het gehuiwer en hy het voorgestel dat ons eerder 'n speletjie speel. Ek moes onder water gaan en kyk hoe lank ek daar kan bly en hy sal tel. Dan sal hy solank hy kan onder water gaan en ek sou moes tel. *Fair enough*, ek het dit gedoen. Maar toe dit sy beurt word, het hy my swembroek afgetrek en my met sy hand betas en my later met sy mond verder gemolesteer. Ek was lam geskrik, maar ook geprikkel, sodat ek doodeenvoudig niks gedoen het nie (nie eens verder kon tel nie!). Na dit, toe hy uit die swembad klim, het hy my saamgenooi badkamer toe. Ek het ongemaklik gevoel, **nee gesê** en teruggehardloop chalet toe en onmiddellik gaan slaap, ten spyte van hoe vuil ek gevoel het. Ek het skuldig, skaam en bang gevoel en myself skaars gehou die volgende dag. Ek was tot die dood toe bang dat ek uitgevang sou word.

Vandag besef ek dat ek as gevolg van vorige (onskuldige) seksuele blootstellings op seksuele vlak ouer as standerd sewe was, maar emosioneel aansienlik jonger. Ons (ek en die terapeute) noem dit onskuldige blootstelling omdat ek tot op daardie stadium geen formele seksuele voorligting deur 'n volwassene ontvang het nie. Miskien moet ek op hierdie stadium net verduidelik wat ek bedoel met die vorige seksuele blootstelling: Tydens ons gesin se vakansie die vorige jaar, asook 'n paar maande voor bogenoemde molesteringsinsident, het ek en my neef wat twee jaar ouer as ek is, met mekaar geëksperimenteer.

Dit het my na afloop van my ervaring met hierdie ouer man met verdere onsekerheid gelaat rakende my seksuele identiteit. Ek kon op hierdie stadium nie na my ouers draai vir verheldering oor alles wat met my aan die gebeur was nie, aangesien ons glad nie 'n verhouding met mekaar op hierdie vlak gehad het nie.

Hierna was dit vir my die een insident wat op die ander gevolg het en wat elke keer vir my net 'n bevestiging was van wie ek is: homoseksueel! (en as ek dit nou sê, voel ek om te sê: *gross*!!!) Die volgende jaar het 'n getroude man my betas tydens 'n oefensessie vir 'n troue waar sy vrou gesing het. Daarna was daar 'n insident met my sangonderwyser waar hy my aan (siek en *twisted*) homoseksuele pornografie blootgestel het. Hy het my gerusgestel dat homoseksualiteit normaal is en dat dit in die natuur ook plaasvind. Van hier af het ek begin glo dat ek homoseksueel is en het dit al hoe meer begin uitleef.

### Eksternalisering

As ek die dinge en gebeure van my verlede eenkant kan sit, kan ek daarna in een woord verwys — een woord wat dit perfek beskryf: **CHAOS!** Ek het aanvanklik nie besef dat dit chaos is wat al hierdie dinge in my lewe gebring en gedoen het nie — selfs nie na ek desperaat verskeie beraders gespreek het nie. Ek is daarvan oortuig dat my hardkoppigheid en my (latere onkundige) oortuiging dat ek só gebore is, my weerhou het om daadwerklik vry te raak.

### Invloed van die probleem op kliënt se lewe, asook ontginning van subnarratiewe

Ek dink dat Chaos (nogal lekker om objektief na hom te verwys) baie skade berokken het aan hoe ek met mense omgaan.

Chaos en sy leuens het my eerstens daarvan weerhou om waarlik 'n verhouding te kon hê met my Here, met wie ek eers later 'n intieme ontmoeting gehad het. Die waarheid van God se Woord het konstant hierdie leuen ge-*challenge*, en Chaos het my konstant probeer oortuig dat God my so gemaak het en nou is daar nie vir mý aanvaarding by hom in Sy Woord nie.

Dit het ook 'n groot kloof tussen myself en my ouers geskep. Dit het my laat wegkrimp in my eie wêreldjie waar ek veilig net myself kon wees. My ouers was bewus dat daar iets fout was, tog dink ek nie hulle kon werklik hul vinger daarop lê nie. My pa het selfs hulp gaan soek by die eerste berader omdat hy gedink het dat hy die oorsaak van my distansiëring teenoor hulle was. Dis hier waar ek die ideale geleentheid gehad het om hulp te soek, sonder om my ouers bewus te maak van my probleem.

Ek sou ook sê dat Chaos dit vir my ongelooflik moeilik gemaak het om op vriendskapsvlak met mans van my eie ouderdom om te gaan. In terapie het ek geleer dat dit is omdat ek myself nog steeds as emosioneel *immature* ag.

Ek wil so ver gaan as om te sê dat Chaos my van die wonderlikste tyd van my lewe, van my ontwikkeling as seun, beroof het. Selfvertroue, selfliefde, sekuriteit, aanvaarding, selfaanvaarding, vreugde en my identiteit as die jong man wat God vir my beplan het om te wees, is van die menigte dinge wat ek deur Chaos as metgesel verloor het.

En nou tydens die rekonstruksie van my verhaal wys die terapeut my daarop dat ek meer spesifiek moet wees oor die menigte dinge wat ek deur Chaos verloor het. Iets van: *If you don't name it, you can't claim it.*

Ek het nog altyd gesmag na 'n huwelik en my eie kinders, maar moes later vrede maak met die leuen dat dit my nie beskore was nie, dat daar vir my geen omdraaikans was nie, geen kans tot genesing nie, selfs al wou ek nie so wees nie.

Ek was ongemaklik met en skaam oor my liggaam. Ek sou eet vir *comfort*, dikker word, al hoe meer ongemaklik voel en so het ek in 'n bose kringloop verval.

Chaos was later so prominent in my daaglikse handelinge en denke dat ek totaal oordonder en gedomineer is deur hom. Ek kon later nie meer normaal funksioneer nie. My punte op skool het agteruitgegaan en ek was altyd 'n A+-kandidaat. Ek was lusteloos en het gesukkel om te leer. Van konsentrasie was daar geen sprake nie. Selfs my onderwysers het my oor en oor verseker dat ek baie beter kon presteer. Toe Chaos se bom uiteindelik in Matriek bars en my ouers van my oriëntasie bewus word, was dit enersyds 'n verligting, maar het andersyds het dit my lewe só gekompliseer dat dit my eindeksamen geaffekteer het.

Ek vind dat ek tot vandag toe sukkel om selfstandig besluite te neem en dat ek geneig is om baie afhanklik van mense te raak. In dieselfde asem vind ek dat ek baie keer sukkel om te onderskei wat mense se werklike bedoelings is. Ek sal mense maklik vertrou, en dan misbruik hulle my later. Telkemale het ek dit weer toegelaat.

Ek dink Chaos het my ook baie *judgmental* gemaak. Ek is geneig om partykeer baie krities te wees.

Vir solank ek kan onthou, was my pad met Chaos 'n bleek en oneindige eensame en donker roete. Ek het dikwels gedreig om pille te drink en my eie lewe te neem — hoewel ek dit nooit werklik oorweeg het nie. Ek wou eintlik net op 'n manier my ouers se aandag kry, hulle toenadering, nadat ek myself so van hulle gedistansieer het. Op 18-jarige ouderdom was ek reeds op Prozac. Iets moes hierdie *void/emptiness* wat konstant by my gespook het, vul.

Dit alles het gelei tot 'n klimaks van woedeuitbarstings oor onsinnighede soos dat my ouers niks vir my omgee nie. My eie gebrokenheid het 'n instrument geword om die mense vir wie ek die liefste is, van my af weg te dryf — hoewel ek eintlik die teenoorgestelde wou bereik. Miskien het ek hulle tot liefde probeer 'veg'. Ek wou hê dat hulle vir my jammer moes wees sodat ek hulle liefde kon 'voel'.

As ek net my hande op Chaos kon lê ... EN HOM WURG!

### Unieke uitkomste

In retrospeksie gesien, besef ek dat ek deur homoseksualiteit ontdek het wie ek nié wil wees nie.[5] Ek het op 'n stadium gedink dat as ek in my lewe alle konnotasies van homoseksualiteit vernietig, ek waarlik vry sou wees. Ek het met dié poging my plakboeke, my kortverhale, my gedigte en alle ander homoseksuele 'afgode' vernietig. Dit het géén verligting gebring nie en 'n week daarna was ek terug in my ou *mindset* en ongelooflik spyt dat ek van die enigste *comfort* wat ek gehad het, ontslae geraak het.

Op die vraag oor wanneer daar tye in my lewe was dat ek teen Chaos kon opstaan en waar hy nie sy vernietigingswerk in my lewe kon voortsit nie, is daar net één antwoord wat by my opkom:

5 Die kliënt is die kenner van sy lewe — indien dit is hoe hy oor hierdie saak voel, moet dit deur die terapeut aanvaar word en moet hy gehelp word in die herskrywing van sy storie na die identiteit wat hy vir homself gekies het.

In Mei 1999 het ek 'n boek gelees wat my laat besef het dat my lewe inderdaad in chaos was. En daar in my kamer het ek desperaat na God uitgeroep om my te red. Vir my was God steeds net 'n onpersoonlike Opperwese wat die mag gehad het om iets te kon doen. Ek het toe myself in Sy arms gegooi met die hoop dat Hy iets sóú doen.

Ek het geweet iets het met my gebeur, maar oor presies wat dit was, was ek nie heeltemal seker nie. My gedragspatrone was steeds dieselfde, maar ek het in 'n mate 'n vreemde vrede beleef. Dis toe ek 'n maand of wat later 'n posisie as kelner kry, dat ek 'n vriend ontmoet het wat my verder op die pad van geestelike wasdom kon begelei. Ek het met my gebrokenheid na hom gegaan en hy het my suiwer net die Woord bedien. Die praktiese toepassing van die Woord het my gehelp om vir twee jaar baie sterk teen my probleem te staan.

Gedurende hierdie twee jaar kon ek die probleem 'bottel'. Ek het die geleentheid gehad om op geestelike vlak groter te groei as my probleem. Maar die 'gebottelde probleem' het my aan die begin van 2002 weer begin inhaal. Ek was kwaad en het gevoel dat ek besig is om totaal en al weer te misluk. Dit het my baie depressief begin maak. Na 'n ander traumatiese insident waarin ek geskiet is en vir traumaberading moes gaan, besef ek toe weer opnuut dat daar reeds lankal besluit is op die pad wat ek voortaan moes loop. Dit wat traumaberading moes wees, loop toe uit op die oopmaak van die gebottelde probleem en ons kon dit stuk vir stuk begin uithaal om as deel van my nuwe storie te integreer.

Ek het deur dit alles besef dat die Here nie 'n towerstaf gebruik en al ons *issues* noodwendig onmiddellik verander nie; hoewel dit natuurlik vir Hom moontlik is! Soos 'n mens fisies tot volwassenheid groei, is daar aspekte van groei betrokke by die integrasie en verwerking van dit wat met my gebeur het. Hierdie groei, of noem dit worsteling, het van my juis 'n sterker mens gemaak wat nou oor 'n instrument beskik om ander te help wat ook met chaos worstel. Dit geskied nie in isolasie nie, maar saam met ander mense wat gebruik word om jou daardeur te begelei.

Dit het **my tot ander insigte gebring** en laat besef dat ander mense ook met hul eie chaos in ander vorme worstel. Vir Martie is hy die Verwoester, 'n metafoor waarmee ek ook kan identifiseer. Ek kon sien dat haar homoseksualiteit ook nie 'n 'egte' probleem was nie, maar 'n antwoord op die chaos in haar lewe ... 'n verdowing van haar seer.

Om dus 'n nuwe antwoord op 'n verwronge antwoord te vind, het ons by hoop vir onsself uitgebring. **Kennis** oor die gevolge van seksuele mishandeling kon ons by hierdie antwoorde uitbring en dit het my in staat gestel om te besef: ...maar dan moet daar vir my genade wees, en nie veroordeling nie!

My gebrek aan kennis het veral daartoe gelei dat Chaos homself goed in my lewe kon vestig. Ek is byvoorbeeld **tot kennis gebring** dat geslagsoriëntasie eerder op 'n kontinuum voorgestel kan word — dat mense nie noodwendig eksklusief heteroseksueel of homoseksueel (wat beteken dat hulle géén aantrekkingskrag tot die vroulike geslag ervaar nie) is nie. Dit is tog nie ek nie! Dit is só aan my geïllustreer:

0______1______2______3______4______5______6

| Eksklusief heteroseksueel | Biseksueel | Eksklusief homoseksueel |
|---|---|---|

Hierdie voorstelling is iets waarmee ek meer kon identifiseer.

Ek moes ook leer dat ek die ekspert van my eie lewe is. Ander mense hoef nie goed in my storie in te skryf as ek dit nie wil hê nie. Drome wat ek vir myself stel, kan ek haal indien ék dit so begeer. NIEMAND of NIKS kan en sal vir my 'geen toegang'-bordjies verder in my lewe oprig nie. **Ek kan die storie van die res van my lewe bepaal**. Dit plaas my definitief terug in beheer van my eie lewe. Ek het ook geleer dat daar 'n uitweg is vir elke *issue* wat 'n persoon kan beleef, niks is ooit onmoontlik nie ... selfs al **kos** dit 'n bietjie ***effort* van jou kant af om daardie eerste tree te gee** ... die einde daarvan is altyd sukses.

As fondasies sterk gelê word, is daar altyd iets om na terug te keer wanneer die res van die gebou faal. In my geval is daar geen fondasie gelê nie en het die proses van bou aan my seksuele identiteit van die begin af kans gestaan om aansienlik te flop. Ek moes op vierjarige ouderdom hoor dat die ooievaar vir Hankie bring. Dit is uiters *destructive* wanneer sulke kennis jou bly ontwyk. Ouers behoort nie net kinders die regte pad te wys nie, maar hulle ook daarop te begelei. Ek dink as daar vir my 'n spieëlbeeld geskep was tydens my kinderjare, het ek iets gehad waarteen ek kon reflekteer toe twyfel my beetpak. Maar ek het niks gehad nie. Die wete dat ek 'n **gebrek aan seksuele inligting en toerusting gehad het, het gemaak dat ek myself kon vryspreek ten opsigte hiervan en kan begin bou aan die tipe seksuele identiteit** (wat seker maar deel is van 'n totale identiteit) **wat ek wil hê en begeer**.

## Alternatiewe storie en refleksie

Vir my lê die nuwe hoofstuk van my lewe verseker **geanker in my verhouding met my Vader**, maar ek besef dat ek nuut moet dink oor Chaos en nuut moet handel met Chaos in my lewe. **Ek het Chaos oorwin!!! Toe ek gereed was, moes ek my oorwinning oor Chaos uitbeeld**.

Chaos se magdom kleure simboliseer vir my hoofsaaklik die verwarring wat seksuele mishandeling in die lewe van die slagoffer bring — soveel so dat jy later nie meer weet wie en wat jy is nie! In my geval het dit ook verwarring in my identiteit gebring, maar veral my seksuele identiteit geknou. Die draak beeld op flambojante wyse homoseksualiteit uit soos wat dit in hierdie wêreld (die homoseksuele wêreld) vertoon word.

In die homoseksuele wêreld dui die reënboogkleure jou seksuele oriëntasie aan. Dus verteenwoordig die veelkleurigheid van Chaos ook vir my die homoseksuele leefwyse waarin ek my bevind het. Ek wou terselfdertyd daarmee beklemtoon dat dié leefstyl tog maar 'n bose draak is wat daarop uit is om te steel en te vernietig. Hy doen homself baie goed voor, maar eintlik kom daar niks goeds hieruit na vore nie. Inteendeel, dit sluk net al hoe meer van jou lewe in. Hier wil ek na die pêrels verwys wat uit Chaos se maag herwin is. Elke pêrel verteenwoordig die verskillende fasette van my lewe wat ek tydens my omgang met Chaos verloor het: my verhouding met God; my verhouding met my ouers; my identiteit as jong man; my sosiale verbintenisse met mense; my vreugde; my vrede en 'n magdom drome. Dis hier waar ek outoriteit neem, Chaos aanvat, hom oopsny en terugvat wat aan my behoort. Ook wil ek verwys na die denkbeeldige persoon wat langs Chaos en sy bergtuiste staan. Hiermee dui ek aan dat ek groter en sterker is as Chaos en dat die berg wat hy in my lewe opgerig het, vir my nou so groot soos 'n molshoop is.

Alhoewel 'n ander hoofstuk in my lewe reeds begin het, het ek **hulp nodig gehad om die verdere storielyn in te kleur en het ek nodig om self nuwe idees te genereer daarvoor**. Op my eie sou ek byvoorbeeld nooit tot die besef gekom het dat ek eintlik **medikasie** nodig gehad het om my uit my emosionele put te haal nie. Ek het soveel kere op my eie probeer en geglo dat dit 'n stuk ongeloof in my teenoor my Vader sou wees indien ek my tot medikasie sou wend. Ek moes tot die besef gebring word dat medikasie ook van Hom af kom en dat dit niks met ongeloof te doen het nie. Ek moes leer dat dit wel met geloof te make het dat Hy goed soos medikasie, net soos terapeute, daargestel het om dit vir my moontlik te maak om verder op die pad van genesing te gaan.

Dit was vir my aanvanklik ook moeilik om myself te oortuig dat elke slegte storie van 'n mens se lewe 'n goue draad mag hê. Tog, as ek kyk na die **storie van Alison**,[6] dan kom ek tot die besef dat 'n slegte storie 'anders' en 'beter' kan uitdraai. Ek kan vandag met ander oë na my eie gebrokenheid en dié van ander kyk. Ek het **empatie gekry met ander mense** oor die worstelinge in hulle lewens. Die ontdekking van myself het my stadig maar seker begin verander vanaf *judgmental* na 'n *urge* en 'n begeerte om met dié te deel wat gebroke is. Ek is **nie meer net vasgevang in my eie wêreld met sy probleme nie, maar kan uitbeweeg na ander** om hulle te ondersteun en iets van die pad

6 Bron gebruik deur terapeut: Thamm, 1998.

wat ek moes loop, te begin teruggee aan andere. **Kennis kon my vry maak** van 'n klomp selfsaamgestelde onsin wat my jare lank lam gelê het. Ek het 'n antwoord vir my eie lewe gekry en ek kan nou aan ander wys en sê dat hulle nie tevrede hoef te wees met 'n stukkende lewe sonder hoop nie ... DAAR IS ANTWOORDE!

My alternatiewe storie is geanker in 'n intieme verhouding met my Hemelse Vader. Ek besef egter vandag dat dit nie 'n towerstaf in my lewe is nie, maar dat daar **'n verantwoordelikheid op my rus om self ook die treë na vryheid te gee en om elke dag te lééf in dié nuwe storie wat ek vir myself besluit en geskryf het. Ek besef vandag dat dit 'n nuwe leef- en denkstyl is wat elke dag deel van my lewe is**.

Ek kon tydens terapie reeds die eerste tree na my nuwe identiteit gee deur 'n meisie uit te neem vir koffie. Ek het besef ek het nog 'n lang pad om te loop, maar ten minste was my eerste tree reeds daar.

## Bevindings en besprekings

Hoewel ruimte ontbreek om in te veel detail in te gaan, kan enkele aspekte van die ingeslote gevalstudie hier uitgelig word:

- Die kliënt het **'n krisis rakende sy identiteit beleef**. Aangesien seksuele identiteit deel van menswees is, gee verwarring hieroor aanleiding tot outentieke identiteitsverwarring. Aangesien konflikte (soos die seksuele mishandeling) nie vroegtydig in Heinrich se lewe geïntegreer is nie, kon hy as adolessent nie sy identiteit vestig nie. Volgens Erikson moet die adolessent 'n antwoord kan gee op die vraag: 'Wie is ek'? As gevolg van Heinrich se identiteitsverwarring kon hy volgens Erikson nie 'n antwoord op hierdie vraag gee nie.
- 'n **Verduisterde toekomsperspektief** is geïdentifiseer. Heinrich het te kenne gegee dat hy homself aan die einde van die terapie nie meer geëtiketteer en voorgestel het as die slagoffer nie, maar as die *survivor*, en dat hy weer toekomsplanne vir homself kon daarstel. Mense beskik oor die vermoë om die storie van hul eie lewe te herskryf. Heinrich het **versterking** geput uit die stories van ander wat dieselfde trauma moes verwerk. Dit het by hom 'n gevoel gelaat van 'dan kan ek óók my storie herskryf'. Heinrich was **geïnteresseerd in die verwerking van trauma** in die ander *survivors* se lewens en nie in die kleur of geslag van die survivor nie. Hierdie *survivors* kon as rolmodelle dien. Briefies wat aan ander slagoffers geskryf is, het spontaan ontstaan.
- Die fisiese aandeel in die herskrywingsproses was vir Heinrich van groot waarde. Hierdie 'nuwe' hoofstuk in sy lewe het vir hom iets gegee om aan vas te hou omdat dit 'n vernuwing 'in proses' is. Heinrich het ná afsluiting van die terapie gesê dat hy daagliks sy storie vir homself lees en dat dit hom help om elke dag sy nuwe storie te lééf. Hierdie **fisiese proses van ko-outeuring** tussen terapeut en kliënt blyk dus 'n **belangrike komponent** van terapie te wees vir seksueel mishandelde persone ten einde die outeurskap in hul lewe terug te neem vanaf die probleemdeurdrenkte storie wat hul lewe oorheers het.
- Heinrich het aangedui dat sy **vrede met God versteur is as gevolg van die seksuele mishandeling**. Dit was vir hom geen maklike pad na herstel nie. Hy het te kenne gegee dat dit vir hom 'n tydperk van wroeging was. Die herstel van sy verhouding met God was 'n stap wat heling in sy lewe bevestig het.
- In hierdie artikel is die tegnieke van ander benaderings tot voordeel van die kliënt en terapeut gebruik. Die volgende is 'n aantal tegnieke wat tydens die skryf van hierdie artikel 'geleen' is:
  - Psigoanalise: **Analise van weerstand** is gedoen wanneer Heinrich byvoorbeeld nie sou kans sien om die volgende stap in sy helingsproses te neem nie. Hy moes byvoorbeeld self by die antwoord uitkom dat hy die oortreders moes vergewe ten einde self vry te kon word. **Vrye assosiasie** is gebruik om Heinrich oor bepaalde stadiums te help deur aan hom die vryheid te gee om te praat en te deel net wat hy op daardie stadium wou.
  - Humanisties-eksistensiële terapie: **Die herstrukturering van waardes en houdings** is as tegniek gebruik. Slagoffers van seksuele mishandeling ervaar dikwels dat hul waardestruktuur ook ten tye van die seksuele mishandeling 'gesteel' is. Hulle self kan dit egter weer in plek stel en die beheer daarvan terugneem. Heinrich is ook uitgedaag om weer die **sin van sy lewe** te ontdek. **Aannames oor foutiewe denke** is **verhelder** wanneer Heinrich gereken het dat hy moontlik iets kon gedoen het om 'n einde aan die molestering te maak.
  - Persoonsgesentreerde terapie: Kliënte is self verantwoordelik vir die **herorganisasie** wat moet plaasvind. Heinrich moes self besluit ten opsigte van aksies wat van week tot week geneem word. Hy is gevra om **aktief** na homself **te luister** wanneer teenstrydighede in sy stories voorgekom het. Hierdie leidrade wat hy self meegedeel het, kon tot **selfeksplorasie** lei.
  - Gestaltterapie: Die **leë stoel-tegniek** is soms gebruik wanneer die gesprek rondom eksternalisering plaasgevind het. Slagoffers van seksuele mishandeling is geneig daartoe om oorafhanklik van ander mense te wees. **Selfondersteuning** is derhalwe gebruik ten einde Heinrich te lei om groter verantwoordelikheid vir homself en sy heling te aanvaar. Hy is deur die tegniek van **dialoogoefening** gehelp om homself te antwoord wanneer hy gevrees het dat hy met die oortreder gekonfronteer sou word.
  - Realiteitsterapie: Die **opstel van strategieë vir die bereiking van doelwitte** is gebruik om stapsgewys by 'n nuwe identiteit uit te kom. Alhoewel die terapeut nie die ekspert in die terapeutiese situasie is nie, is hy/sy deel van die **aangaan van 'n verbintenis** met die kliënt en neem die terapeut nie 'n *laissez-faire* houding in nie.
  - Behaviorisme: **Vaardighede en prosedures** is dikwels gebruik om Heinrich te help ten einde beheer oor sy omgewing te verhoog. Hy sou byvoorbeeld geleer word om die 'gekontamineerde' gedagtes in 'n boksie te plaas wanneer hy sekere take, soos studiewerk, moes doen. Wanneer hy dan klaar was met die taak, kon hy weer die gedagtes uithaal. Die gekontamineerde gedagtes is later vir al hoe langer tye 'geboks' en net op spesifieke tye uitgehaal om daaroor te dink.
  - Rasioneel-emotiewe terapie: Die **ontdekking van irrasionele denke** is dikwels as tegniek gebruik, veral omdat Heinrich vas onder die indruk was dat hy as kind 'n aandeel in die seksuele mishandeling gehad het of dat hy dit moes stopgesit het.
  - **Ouderdomsprogressie**, wat tydens hipnoterapie gebruik word, is as tegniek dikwels gedurende die sessies gebruik met die opdrag dat Heinrich moet probeer om homself in te dink oor hoe sy lewe oor drie maande, 'n jaar of drie jaar sal wees wanneer hy weer beheer oor sy lewe teruggeneem het.

Die benadering wat in hierdie artikel gevolg is, is eklekties. Die outeurs huldig die mening dat die verskillende psigoterapeutiese tegnieke wat gevolg is as aanvullend, wedersyds verrykend en gelykwaardig gebruik behoort te word, aangesien geen benadering in isolasie gesien behoort te word of voldoende 'agtergrondinligting' verskaf nie. Die toegang tot 'n wyer verskeidenheid benaderings en meer tegnieke lei tot optimale terapie vir die kliënt. Al die tegnieke wat gevolg is, het saamgewerk sodat die **slagoffer van seksuele mishandeling in die verloop van hierdie artikel 'n *survivor*-identiteit kon verwerf**. Die outeurs vereenselwig hulle dus met die volgende siening van Cecchin (in McNamee & Gergen, 1992:13):

> I believe that a social constructionist therapist may, at different moments, follow many different leaders, but never obey one particular model or theory.

## Samevatting en aanbevelings

Seksuele mishandeling laat 'n letsel op die lewe van die individu.

Menige kliënt wat met 'n geskiedenis van seksuele mishandeling aanmeld, rapporteer dat dit nie die eerste keer is dat hy/sy hulp vir die 'probleem' soek nie.

Verskeie verklarings kan hiervoor aangebied word. Wat onder meer uit die onderhawige gevalstudie duidelik na vore tree, is die feit dat Heinrich nog nie **emosionele sluiting** op die traumatiese gebeure gekry het nie en dat hy nog nie tot 'n antwoord op die gebeure gekom het nie. Hy kan nog steeds net rapporteer watter invloed die probleem op sy lewe het, en nie watter invloed hy op die probleem uitoefen nie.

In hierdie artikel is 'n potensiële raamwerk ontwerp waarvolgens kliënte gelei kan word om emosionele sluiting te vind deurdat hulle hul eie storie herskryf. Slagoffers van seksuele mishandeling kan nie verantwoordelikheid aanvaar vir dit wat met hulle gebeur het nie. Hulle moet egter verantwoordelikheid aanvaar vir hul eie genesing en voorsorg tref dat die gebeure van seksuele mishandeling nie die storie van hul lewe word nie. Aanvullende navorsing kan moontlik ten opsigte van die volgende onderneem word:

- 'n Longitudinale artikel waarin *survivors* van seksuele mishandeling oor 'n tydperk van tien jaar gevolg word. Enkele voorstelle in dié verband sou die volgende insluit:
  - 'n Gesprek met die kliënt elke ses maande ten einde te monitor in watter mate die nuwe rigting van die selfgekose storie volgehou word.
  - Bepaling of destruktiewe gedrag soos dit in ander slagoffers van seksuele mishandeling manifesteer, wel geminimaliseer of uitgeskakel is as gevolg van tydige terapie en die herskrywing van 'n persoonlike narratief.
- Van die kliënte wat aan die aanvanklike navorsing vir hierdie artikel deelgeneem het, het te kenne gegee dat hulle nie met personeel by die skool oor hul seksuele mishandeling wou gaan praat nie, want 'dan sou almal by die skool daarvan weet'. Kinders behoort dus toegang te hê tot kundiges buite die skool met wie hulle kan konsulteer. 'n Verdere uitvloeisel van hierdie situasie sou wees dat adolessente professionele persone, soos sielkundiges, tydens skoolure mag spreek sonder die toestemming van hul ouer(s). Die beperking dat kinders nie deur sielkundiges gespreek mag word sonder die toestemming van hul ouers nie, sal dus deur die Health Professions Council of South Africa (HPCSA) opgehef moet word.
- Ten tye van hul opleiding ontvang aspirant-opvoedkundige sielkundiges weinig indien enige opleiding ten opsigte van terapie aan seksueel mishandelde kliënte. Gegewe die statistiek wat beskikbaar is, sowel as die feit dat hierdie statistiek moontlik net die punt van die ysberg kan wees, is dit van kardinale belang dat seksuele mishandeling as tema — maar veral die hulpverlening aan slagoffers — deel van dié opleiding behoort te wees.
- Ouers gee dikwels te kenne dat hulle self min tot geen inligting rakende geslagsopvoeding ontvang het nie. Gemeenskapsorganisasies en kerke behoort meer aktief aan hierdie gesprekke te begin deelneem en ouers vir hul opvoedingstaak toe te rus. Die gebrek aan die oordrag van hierdie tipe inligting reflekteer die samelewing se algemene erotofobie of ongemak met betrekking tot seksuele vraagstukke, veral wanneer dit die toerusting van adolessente raak. Ouers sal dikwels te kenne gee dat hulle wag vir die 'regte' tyd om met hul kinders oor seksuele mishandeling te praat. Dit wil blyk of daar nooit 'n 'regte' tyd kan wees nie, maar dat ouers reeds kinders van baie jongs af met gepaste inligting moet toerus.

## Die potensiële waarde van hierdie artikel vir artikels op die opvoedkundige-sielkundige terrein

Die outeurs vertrou dat hulle met hierdie artikel 'n bydrae gelewer het op die terrein van terapie aan kliënte wat seksueel mishandel is. Indien slagoffers van seksuele mishandeling reeds gedurende hul adolessente jare die pad na genesing kan begin loop, kan baie destruktiewe gedrag in die volgende ontwikkelingsfase, naamlik volwassenheid, verhoed word. Baie volwasse slagoffers van seksuele mishandeling vertel 'n verhaal van verskeie beraders en sielkundiges wat reeds oor die probleemdeurdrenkte storie van hul lewe gespreek is. Hulle kon egter nog nooit vir hulself 'n antwoord in dié gebeure vind nie. Dit is dus belangrik dat kliënte sal besef dat beraders en sielkundiges slegs kan help om die proses te fasiliteer waartydens slagoffers hul eie antwoorde moet vind. Eers wanneer slagoffers die 'sin van die lewe' in hul eie lewe ontdek het en self op die gebeure kan reageer, kan hulle begin om 'n alternatiewe storie te skryf.

Die aandeel wat die kliënt in hierdie artikel gehad het ten opsigte van die fisiese herskrywing van sy eie verhaal is 'n tegniek wat sielkundiges met groot vrug in die praktyk kan gebruik om kliënte te help om emosionele sluiting te vind.

## Die einde van die einde

Hiermee oorhandig die navorsers die artikel aan die leser om dit toe te eien en te evalueer in terme van bruikbaarheid — nie net in terme van bruikbaarheid in die lewens van ander nie, maar ook vir die hantering van persoonlike lewensvraagstukke en die fasilitering van lewenssukses.


## Summary

Sexual abuse is a phenomenon that is on the increase worldwide and South Africa has not been able to escape this trend. The growing number of reported cases of sexual abuse may be attributed to various factors, for example the widespread media coverage of this matter on a daily basis and the fact that more and more victims are 'coming out of the closet', prepared to break the silence. Furthermore, in certain communities it is believed that having sexual intercourse with a virgin is a way of curing HIV/AIDS. This belief has given rise to an appalling tendency to rape babies and young children — a phenomenon unheard of in society until as recently as two years ago.

Adolescents find themselves in a critical phase of development towards an own identity. This in itself is a challenging development task. Where sexual abuse was part of an adolescent's formative years in childhood, the establishing of an own identity must be even more perplexing because the adolescent's identity will inevitably emerge as a 'victim identity'.

In the study concerned a qualitative, inductive approach was followed by using a case study. The emphasis was on a victim of sexual abuse who has been able to overcome the event and take back authorship of his life. The study has confirmed the following:

- Sexual abuse changes the victim's life. However, victims are able to report extensively on exactly how such an event has changed their lives. They can give a full account of how the incident has caused problems in various aspects of their lives. These accounts hinge mainly on two aspects: a perception of their own worthlessness as a result of the abuse, and their lack of control over the incident. When the question is turned around and the victims are asked to explain how they have handled the problem, what influence they have managed to exercise over the problem, the storytelling ends just there.
- Narrative therapy has the intent to externalise problems like these from the life of the victim. When problems are externalised — in other words when they no longer form part of the victim's identity — then the possibility arises that the victim may be helped. There is the possibility of change. This change may involve the victim's beginning to act differently, to oppose the problem(s) or to engage in dialogue with the problem(s) — thereby negotiating a new relationship with such problem(s).

The creation of an alternative story out of the externalisation process gives narrative therapy as therapeutic process the opportunity to intervene in the lives of victims. The aim is to re-establish them as persons with integrity and with the ability to retake control of their lives after the traumatic event. These individuals are therefore again acknowledged as persons with possibilities.

The alternative story is based on people's inner strengths and on what they desire for their lives. In the course of this research a client

who presented with "Sexual disorder not otherwise specified" was helped to create an alternative story, which suggests that it is possible to substitute 'unwanted' parts of one's life story with a rewritten narrative with which one can identify. In the discussed case, the client rewrote his autobiography based on the inner strengths that he discovered within himself and the end results that he wants for his own life.

## Verwysings

Anderson H & Goolishian HA 1988. Human systems as linguistic systems: preliminary and evolving ideas about the implications for clinical theory. *Family Process*, 27:371-393.

American Psychiatric Association (APA) 1997. *Diagnostic and statistical manual of mental disorders*. 4th edn. Washington: American Psychiatric Association.

Bass E & Davis L 1997. *The courage to heal*. London: Vermilion.

Becvar DS & Becvar RJ 1996. *Family therapy: A systemic integration*. London: Allyn & Bacon.

Burman E 1996. The crisis in modern psychology and how to find it. *South African Journal of Psychology*, 26:135-142.

Cohen L, Manion L & Morrison K 2001. *Research methods in education*. London: RoutledgeFalmer.

Creswell JW 1994. *Research design: qualitative and quantitative approaches*. Thousand Oaks: Sage.

Denzin NK & Lincoln YS 1998. *Strategies of qualitative inquiry*. London: Sage Publications.

De Vos AS (ed.) 1998. *Research at grass roots: a primer for the caring professions*. Pretoria: JL van Schaik.

De Wet JJ, DeK Monteith JL, Venter PA & Steyn HS 1981. *Navorsingsmetodes in die opvoedkunde*. Durban: Butterworths.

Dolan YM 1991. *Resolving sexual abuse: solution-focused therapy and Ericksonian hypnosis of adult survivors*. New York: WW Norton & Company.

Duncan N 1996. Discourses on public violence and the reproduction of racism. *South African Journal of Psychology*, 26:172-182.

Foucault M 1980. *Power/knowledge: selected interviews and other writings*. New York: Pantheon Books.

Foucault M 1981. *The history of sexuality: Volume 1: an introduction*. Harmondsworth: Penguin.

Freeman J, Epston D & Lobovits D 1997. *Playful approaches to serious problems*. New York: WW Norton & Co.

Gergen KJ 1985. The social constructionist movement in modern psychology. *American Psychologist*, 40:266-275.

Grace M 1998. Narrative therapy in action: 'the problem, not the person, is the problem. [Online] Available url: http://onthenet.com.au/~pict/mentnarr.htm

Hare-Mustin RT & Marecek J 1988. The meaning of difference. *The American Psychologist*, 43:455-464.

Kaplan DW, Feinstein RA, Fisher MM, Klein JD, Olmedo LF, Rome ES & Yancy WS 2001. Care of the adolescent sexual assault victim. *Pediatrics*. [Online] Available url: http://www.findarticles.com/

Kruger DC & Maree JG 2001. Narratiewe terapie aan die seksueel mishandelde adolessent. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde*, 21:167-176.

Kruger DC 2002. 'n Ondersoek na kruiskulturele, narratiewe terapie vir adolessente wat seksueel mishandel is. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Kubetin C & Mallory J 2002. *Skuiling teen die storm*. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

Lackay A 2002. Seksuele misbruik van kinders styg skerp. *Beeld*, 13 Maart:4.

Lewis S 1994. *Dealing with rape*. Johannesburg: Sached Books.

McLean BA 1997. Co-constructing narratives: a postmodern approach to counseling. Unpublished MEd Thesis. New Zealand: University of Otago.

McNamee S & Gergen KJ (eds) 1992. *Therapy as social construction*. London: Sage.

Mouton J & Marais HC 1990. *Basiese begrippe: metodologie van die geesteswetenskappe*. Pretoria: RGN.

Odendal FF, Schoonees PC, Swanepoel CJ, Du Toit SJ & Booysen CM 1994. *Verklarende woordeboek van die Afrikaanse taal*. Midrand: Perskor.

Pearce JW & Pezzot-Pearce TD 1997. *Psychotherapy of abused and neglected children*. New York: The Guilford Press.

Rapmund V & Moore C 2002. Enhancing learners' personal resources through narrative: embracing diversity. *South African Journal of Psychology*, 32:22-32.

Rosnow RL & Rosenthal R 1996. *Beginning behavioral research: a conceptual primer*. London: Prentice-Hall.

Sachsenmaier SJ 2001. Investigating child sexual abuse allegations: do experts agree on anything? [Online] Available url: http://aaets.org/arts/art50.htm

Semmler PL & Williams CB 2000. Narrative therapy: a storied context for multicultural counseling. *Journal of Multicultural Counseling and Development*. 28:51-61.

Soal J & Kottler A 1996. Damaged, deficient determined? Deconstructing narratives in family therapy. *South African Journal of Psychology*, 26:123-134.

Terre Blanche M & Durrheim K 1999. *Research in practice*. Cape Town: University of Cape Town Press.

Thamm M 1998. *I have life: Alison's journey*. Parktown: Penguin Books.

Van der Westhuizen C 2002. Regstelsel teen ons kinders. *Beeld*, 13 Maart:4.

White M 1991. Deconstruction and therapy. *Dulwich Centre Newsletter*, 3:21-40.

White M 1998. Narrative therapy. *Dulwich Centre Newsletter*, 1-5.

White M & Epston D 1989. *Literate means to therapeutic ends*. Adelaide: Dulwich Centre Publications.

White M & Epston D 1990. *Narrative means to therapeutic ends*. New York: WW Norton & Co.

Wilson KG & McLuckle K 2002. 'I feel I am not human': Investigating the relationship between discourse and subjectivity in the lives of persons experiencing panic attacks. *South African Journal of Psychology*, 32:29-38.

Ziller RC 2000. Self-counselling through re-authored photo self-narratives. *Counselling Psychology Quarterly*, 13:265-279.